# PERSONALIA



Foto: Studio 7, Stellenbosch.

Foto: Edrich Stellenbosch.

Die Direkteur van die Nasionale Museum, Mnr Hannes Oberholzer, is vroeër vanjaar verkies tot President van die Suider-Afrikaanse Museumsvereniging. Hy was die afgelope twee jaar Vise-President van die Vereniging. Op die meegaande foto verskyn Mnr Oberholzer tussen Mej. Margaret Shaw, die uittredende Presidente, en Dr C.K. Brain, die nuwe Vise-President

Die drie en veertigste jaarlikse kongres van die Suider-Afrikaanse Museumsvereniging is vanjaar van 3 tot 6 April in Stellenbosch gehou. Daar was meer as 150 afgevaardigdes van 113 museums in Suid-Afrika, Rhodesië, Malawi, KwaZulu, Botswana en Suidwes-Afrika /Namibië. Op die foto staan hulle op die trappe van die Stellenbosse Stadsaal, waar die kongres gehou is.



**IN MEMORIAM**

JOHANNES ANDRIES BOUWER is op 2 Augustus 1906 gebore. Ná 'n ryk en aktiewe lewe - waarin hy ondermeer stadsklerk van Wolmaransstad was - het hy hom na sy aftrede in Julie 1969 by die Nasionale Museum as opsigter aangesluit. Dié pos het hy aanvaar "om besig te bly". Ek kan so goed onthou dat hy by herhaling gesê het: "Ek kan nie stilsit nie." Op 31 Maart 1974 het hy uit sy pos bedank om finaal te gaan rus, maar op 3 Augustus 1977 was hy weer terug in diens van die Museum, hierdie keer as deeltydse opsigter. Sy laaste werksdag by die Museum was 18 Maart 1978 en kort daarna het hy en sy eggenote na Roodepoort verhuis teneinde nader aan die kinders en kleinkinders te wees.



Dit was vir ons 'n skok om te verneem dat hierdie stil, aangename mens - 'n ware gentleman - op 1 Mei 1979 skielik oorlede is.

Namens die Raad en Personeel van die Nasionale Museum betuig ons ons diepe meegevoel met sy eggenote, kinders en kleinkinders met hul smartlike verlies.

Hannes Oberholzer







Drie nuwe personeellede is die afgelope halfjaar by die Museum verwelkom. Van bo na onder is Hannes Haasbroek, die nuwe Historikus, Mev. Anita Venter, deeltydse assistent in Argeologie en Andrew Hauser, deeltydse assistent in Paleontologie.

# VRYSTAAT !

Op die meegaande foto verskyn in die gewone volgorde Mnr T A Tribelhorn van Galion Dresser SA (Edms) Bpk, Mnr H J R Simes, LUK belas met paaie in die Vrystaat, en Mnr J B S Roets, Onder-Voorsitter van die Raad van die Nasionale Museum. Die foto is geneem op 20 Maart 1979 toe die padskraper wat in die agtergrond gesien kan word, amptelik aan die Museum oorhandig is.

Die padskraper het die gepaste naam "Vrystaat" gekry toe dit nog in diens van die Paaie-Afdeling van die Administrasie was. In 1963 het Galion Dresser hierdie padskrapers (die model 118) plaaslik begin vervaardig en die Suid-Afrikaanse inhoud was tussen 50 en 55 persent. Die eerste Galion is in Junie 1963 deur die Provinsiale Administrasie aangekoop teen 'n prys van R12.500. Een van die verkoopvoorwaardes was dat Galion dit later sou terugkoop, restoureer en aan die Nasionale Museum skenk vir veilige bewaring. Tydens 'n kort plegtigheid by die Museum is die "Vrystaat" eers deur Galion Dresser aan die Provinsiale Administrasie oorhandig, wat dit toe weer aan die Museum oorgedra het.

In sy vyftien jaar in diens van die Paaie-Afdeling het die padskraper altesaam 9024 ure gewerk en in die proses 130.350 liter brandstof verbruik. Dit is nog steeds in goeie werkende toestand. ■



**U VRIENDELIKE MEDEWERKING, ASSEBLIEF!**

Die Nuusbrief is nou agt jaar oud en ons leserskring het aangegroei tot meer as vyfduisend. Ons wil graag seker maak dat elke kopie wel sy regte bestemming bereik en wil dus vriendelik versoek dat u die onderstaande vormpie invul (in drukskrif, asseblief) en in 'n oop koevert pos aan: Nasionale Museum Nuusbrief, Posbus 266, Bloemfontein, 9300. By voorbaat baie dankie!

Titel en Naam: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Volledige Posadres: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Poskode: . . . . . . . . . . . . . . .

Beroep: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Handtekening: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Onthou dat die Nuusbrief steeds gratis versprei word en dat ons dit graag aan soveel as moontlik mense sal wil stuur. Vertel dus gerus vir u vriende en vra dat hulle ook die bogenoemde besonderhede aan ons stuur.